NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 13 NOVEMBER 2003

1. OPENING

1.1 Die voorsitter, ds EGJ de G Schutte, lees uit Matteus 5:13-16 voor.

1.1.1 Hy beklemtoon die kerk se roeping om in die openbaar sout en lig te wees vir die gebied waarin ons kerk is.

1.1.2 Die NG Kerk in Oos-Kaapland is klein – 4% van die kerklike bevolking in die Oos-Kaap - maar bestaan uit 106 gemeentes wat 'n impak kan maak. Ons is deel van die groter kerk in die Oos-Kaap en Suid-Afrika en moet daarom netwerk met ons vennote. Dit beteken dat ekumene en kerkhereniging wesenlike prioriteite is.

1.1.3 Ons is kerk *vir* die wêreld – die Oos-Kaap. Sout gee homself vir die voedsel wat dit geur. Lig straal uit na buite. Die kerk moet haarself dus gee vir die konteks, as't ware daarin "oplos".

1.1.4 Vir die kerk gaan dit in alles om die ver-*Heer*-liking van ons Vader in die hemel.

1.2 Drie lede van die vergadering gaan voor in gebed.

1.3 Die voorsitter heet al die lede van die vergadering hartlik welkom.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds MF Steyn
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 Op uitnodiging

Dr A Oliphant – DL Diens van Barmhartigheid
Dr JD Prinsloo – DL Gemeentebediening
Ds JH van Niekerk – DL Getuienis
Ds WP Petzer – DL Jeug
Dr JP Cloete – DL LAS
Mev L Steyn – DL Vrouelidmate

2.4 Verskonings

Dr JP Cloete versoek om teen 10:45 verskoon te word.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

3.1 Die sakelys word met die volgende nuwe sake / stukke aangevul:

Bylaag Q by 5.1.3
Bylaag M by 7.1
Bylaag P (Geloofsverbintenis) by 12.
Bylaag R (Visionering) by 12.-14.
Bylaag K en K1 by 16.
Bylaag L by 17.1
5.1.10 Petisie Son (pt 14.9)
6.1 Die Rol van die DL Barmhartigheid
6.2 Prinsipiële Verwysingsraamwerk vir Deskundige Lede
6.3 Vigsforum: NG Kerk
10.1 Die rol van die DL Getuienis
11.1 Beplanning Vrouelidmate Bylaag O
15. BESTUUR
16. RITME

(***Nota***: Weens die byvoeging van punte 15 en 16 skuif die numerering op die notule twee syferwaardes aan in vergelyking met die sakelys.)

19.3 Sinodale Selfone
19.4 Vorm A
20.1 ASK Besluite Bylaag I
20.2 Leraarskonferensie 2004 Bylaag J
20.3 Kommunikasiestrategie
20.4 Vergaderdatums 2004
20.5 Kantoorsluiting
20.6 Uitkoop van tyd: Moderatuur

4. GOEDKEURING VAN NOTULES

4.1 SK Dagbestuur 2003.08.22 Bylaag A

4.1.1. Besluit:
Die notule word goedgekeur na enkele klein korreksies.

4.2 SK 2003.10.22 Bylaag B

4.2.1 Besluit:
Goedgekeur

4.3 SK Dagbestuur 2003.10.23 Bylaag C

4.3.1 Besluit:
Goedgekeur

5. SAKE UIT DIE NOTULES

5.1 SK Dagbestuur 2003.08.22 Bylaag A

5.1.1 Pensioen / Medies van Emeriti / Weduwees / Mediese subsidie CMR-gepensioneerdes (pt 5.1) Bylaag N

5.1.1.1 Die aktuarius lê Bylaag N (Die Regsgeldigheid van die Emeriti-Vereniging) aan die vergadering voor.

5.1.1.2 Besluit:
1. Kennis geneem van pte 1-4 van Bylaag N.
2. 'n Skrywe word aan die CMR gerig met die mededeling dat geen emeritus se medies gesubsidieer word nie. Derhalwe kan dit ook nie vir CMR-gepensioeneerdes oorweeg word nie.

5.1.2 Streekskonvent 2004 (pt 5.2)

5.1.2.1 Besluit:
Die saak staan oor in die lig van die moontlike Konvent vir Kaapland in 2004.

5.1.3 Pastor Pastorum (pt 5.7) Bylaag Q

5.1.3.1 Dr Leon Steenkamp sluit by die vergadering aan en lê Bylaag Q (Pastor Pastorum - dd 2003.11.13) voor.

5.1.3.2 Die vergadering bespreek die saak. Die doel met die pastor pastorum-funksie is om 'n netwerk van versorgers vir predikante deur die sinodale gebied te vestig. Hierdie rol word onderskei van dié van 'n mentor: dit gaan oor versorging. Hiervoor moet geskikte persone geïdentifiseer word. Daar is ringe wat reeds effektief aan hierdie funksie aandag te gee.

5.1.3.3 Die pastor pastorum lewer een van die dienste van die beoogde Gemeentedienste-Netwerk. So word sinergie en geïntegreerdheid verseker ten opsigte van die globale behoefte-struktuur van die leraars. Dit sluit onder andere ook diensverhoudinge en die finalisering van dienskontrakte in.

5.1.3.4 Besluit:
Die vergadering verwys die pastor pastorum-diens na die Gemeentedienste Netwerk.
(***Nota***: Sien ook pt 15.2 in hierdie notule.)

5.1.4 Verkoop van eiendomme (pt 5.8)

5.1.4.1 Die DA doen verslag.

5.1.4.2 Die verkoopsom van Lekkeroord is ontvang. Sowat R15,000 okkupasiehuur is nog uitstaande.

5.1.4.3 Dave Marais Kampterrein se verkoopsom ten bedrae van R450,000 is steeds uitstaande, maar die nodige dokumente is reeds by aktekantoor ingedien.

5.1.4.4 Die plaas wat aan die sinode bemaak is (te Hofmeyr), is verkoop. Die nodige dokumente is reeds by die aktekantoor ingehandig.

5.1.4.5 Sinodale sentrum: Daar word 'n aanbod verwag wat (agente kommissie uitgesluit) R3,7 miljoen sal beloop.

5.1.4.6 Besluit:
Die vergadering keur goed dat die Sinodale Sentrum teen R3,7 miljoen verkoop kan word.

5.1.5 Jaarlikse bydraes: NG Kerk van SA (pt 5.9)

5.1.5.1 Die sinode dra 'n bedrag volgens 'n vasgestelde formule tot die begroting van die NG Kerk in SA by. Laasgenoemde groei steeds aan die uitgawes, terwyl ons sinode sy begroting afskaal. Dit Oos-Kaapse begroting word dus toenemend oorwoeker deur die aandeel aan die NG Kerk in SA se begroting. Hierdie dispariteit plaas die begroting en die sinode se effektiwiteit in die Oos-Kaap onder groot druk. Onderhandelinge is steeds aan die gang om dit te verander.

5.1.5.2 Besluit:
Die saak staan oor.

5.1.6 Besoek Broer Andrew (pt 10.2)

5.1.6.1 Broer Andrew Besoek Port Elizabeth op 23.09.2004.

5.1.6.2 Besluit:
Die DL Getuienis sal met verdere besonderhede terugrapporteer.

5.1.7 Belastingvrystelling (pt 12.1)

5.1.7.1 Dr Viljoen rapporteer dat vyf ringe en agt gemeente se aansoeke om belastingvrystelling steeds uitstaande is. Dit word opgevolg. Die sinode se eie aansoek is voltooi.

5.1.7.2 Besluit:
Kennis geneem met groot dank aan die DA.

5.1.8 Patmos (pt 14.4)

5.1.8.1 Die volgende Bylaes dien voor die vergadering:

- Verklaring Patmos - Sinode 2003 **Bylaag D**
- Skrywe Patmos – 21 Okt 2003 **Bylaag D1**
- Skrywe Patmos – 22 Okt 2003 **Bylaag D2**

5.1.8.2 Besluit:

1. Die SK-Dagbestuur voorsien dat gesprek met Patmos sal lei tot 'n herstelde verhouding tussen die NG Kerk in Oos-Kaapland, die Ring van Algoa en die NGK Patmos, sodat die waarheid van die evangelie van Jesus Christus en die getuienis van die kerk in die wêreld daardeur gedien kan word.

2. Die SK-Dagbestuur gee opdrag dat die lede van die moderatuur, met hierdie uitkoms in gedagte, met Patmos gesprek voer oor die moontlikhede om hierdie verhouding te herstel. Hierdie gesprek sluit onder andere toeligting oor die volgende aspekte in:

· **Patmos se verklaring aan die sinode;**

· **Patmos se siening van die gemeente se verhouding met die kerkverband.**

3. Indien moontlik moet die eerste gesprek plaasvind voor die SK-vergadering van 27 November 2003.

5.1.9 Versoek: Mnr Jan Pienaar (pt 14.10)

5.1.9.1 Mnr Jan Pienaar, inwonende faktotum by die Sinodale Sentrum, het versoek dat hy toegelaat word om in sy eie woning te bly.

5.1.9.2 Die SKDV het die saak oorweeg en beveel as volg aan:

1. Mnr Pienaar woon vanaf 1 Desember 2003 in sy eie huis, en gaan verder met sy normale pligte voort.

2. Die rand-waarde van die in natura gedeelte van sy besoldiging word in kontant by sy salaris gevoeg.

3. Alternatiewe reëlings word by die Sinodale Sentrum getref aangesien daar nie langer 'n inwonende faktotum beskikbaar is nie.

5.1.9.3 Besluit:
Die vergadering kondoneer pte 1-3 van die SKDV se aanbeveling.

5.1.10 Petisie Son (pt 14.9)

Die saak staan oor.

5.2 SK Dagbestuur 2003.10.23 Bylaag C

5.2.1 Skrywe: NGK Kraggakamma: Sakelys van die Sinode (pt 5.) Bylaag E

5.2.1.1 Besluit:
1. Kennis word geneem van die skrywe van NGK Kraggakamma.
2. Die vergadering volstaan met die skriftelike antwoord van die skriba, gedateer 13 Oktober 2003.

5.2.2 Uitvoerende vergadering: Konvent van Eenheid (pt 6.)

Die moderatuur sal verslag oor die saak doen na afloop van die uitvoerende vergadering van 24 November 2003.

5.2.3 Tuisblad NG Kerk (pt 7.) Bylaag F

5.2.3.1 Die skriba het dr JP Cloete versoek om namens die sinode by die Algemene Sinode se webwerf betrokke te wees.

5.2.3.2 Besluit:
Die saak staan oor totdat dr Cloete se reaksie ontvang is.

5.2.4 Skrywe Ring van Cradock: Aanpassing van die Kerkorde Bylaag G

5.2.4.1 Besluit:
Die skrywe, wat handel oor die funksionering van die ampte, word na die DL Leer en Aktuele Sake en DL Gemeentebediening verwys.

5.2.5 Uitnodiging: Emeriti-Vereniging (pt 11.)

5.2.5.1 Besluit
Die vergadering wil graag bande met al die emeriti behou. Derhalwe sal enkele lede van die Emeriti-Vereniging na die Dagbestuurs-vergadering van Augustus 2004 genooi word.

5.2.6 Frekwensie van sinodale vergaderings (pt 12.)

5.2.6.1 Die saak is verwys na drr Van Wyk en Viljoen.

5.2.6.2 Die vraag is wat die implikasies van die Algemene Sinode se besluit om tweejaarliks te vergader vir die frekwensie van ons sinodale vergaderings is. Beide meer gereelde Algemene Sinodale vergaderings én plaaslike sinodesittings het duur begrotingsimplikasies. Verder het die Algemene Sinode self nog nie finaal besluit wat die aard van sy twee-jaarlikse sinodesittings gaan wees nie

5.2.6.3 Besluit:
Die saak staan oor totdat daar groter duide-likheid is oor die presiese aard van die Algemene Sinode se funksionering.

5.2.7 Verslag: Besluite aan kerkrade (pt 13.)

5.2.7.1 Die skriba het die verslag afgehandel en dit is ingesluit by die Handelinge van die Sinode wat op 27 November 2003 beskikbaar sal wees.

5.2.7.2 Besluit:
Kennis geneem.

6. DIENS VAN BARMHARTIGHEID

6.1 Die rol van die DL Barmhartigheid

6.1.1 Dr Anton Oliphant gee terugvoer oor die wyse waarop hy die rol van die DL Diens van Barmhartigheid verstaan.

6.1.2 Die vergadering bespreek die rol van deskundige lede in die algemeen, en kom tot die konklusie dat die verwysingsraamwerk van hierdie rolle geskep word deur aspekte soos:

- die sinodale visie van een, heilige, algemene Christelike kerk;
- die geloofsverbintenis van die sinode;
- die vorming van netwerke om bepaalde take uit te voer; en

• die uitvoering van strategiese prioriteite van die sinode ooreenkomstig die rolle wat aan deskundige lede (en die netwerke wat hulle moet ontwikkel) toegeken is.

6.1.3 Besluit:
Kennis geneem

6.2 Prinsipiële Verwysingsraamwerk vir Deskundige Lede

6.2.1 Dr J Viljoen beveel as volg by die vergadering aan:

1. Elkeen van die deskundige lede formuleer 'n prinsipiële verwysingsraamwerk vir hul funksionering. Dit is 'n kort beskrywing - een bladsy - hoe elkeen sy rol sien. Die keerdatum hiervoor is 27 November 2003.

2. Die moderatuur gebruik hierdie beskrywing as basis om 'n geordende verwysingsraamwerk vir die deskundige lede te formuleer.

6.2.2 Besluit
Die aanbeveling word goedgekeur.

6.3 Vigsforum: NG Kerk

6.3.1 Dr Oliphant rapporteer dat die AKDB besluit het om 'n vigsforum vir die NG Kerk byeen te roep. 'n Aanbeveling van kundiges en spesialiste wat moontlik 'n bydrae kan lewer in die ontwikkeling en uitvoering van die NG Kerk se respons op die MIV en vigs pandemie word uit elke sinodale gebied benodig.

6.3.2 Die Vigsforum sal vroeg in 2004 konstitueer. Die forum sal daarna twee keer per jaar vergader. Elke sinode sal sy eie afgevaardigdes befonds.

6.3.3 Besluit:
Die AKDB se versoek om kundiges en spesialiste wat moontlik 'n bydrae kan lewer in die ontwikkeling en uitvoering van die NG Kerk se respons op die MIV en vigs pandemie word na alle leraars, ringe en ander belanghebbendes deurgegee.

7. GEMEENTEBEDIENING

7.1 Sinodale Werkswinkel - 8-11 Maart 2004 Bylaag M

7.1.1 Bylaag M (laatstuk - dd 13.11.2003) dien.

7.1.1.1 Besluit:
1. Die Dagbestuur keur die datum, 8-11 Maart 2004, goed en neem met dank kennis van pte 1 – 3.4.
2. Kennis word ook geneem dat die plek waar die werkswinkel sal plaasvind nog gefinaliseer moet word.

8. JEUG

Geen sake vir bespreking nie.

Nota: Pte 6.1.2 en 6.2 van hierdie notule is ook op die DL Jeug van toepassing

9. LEER EN AKTUELE SAKE

Geen sake vir bespreking.

Nota: Pte 6.1.2 en 6.2 van hierdie notule is ook op die DL Leer en Aktuele Sake van toepassing.

10. GETUIENIS

10.1 Die rol van die DL Getuienis

10.1.1 Ds Johan van Niekerk gee terugvoer oor die wyse waarop hy die rol van die DL Getuienis verstaan.

Nota: Pte 6.1.2 en 6.2 van hierdie notule is ook op die DL Getuienis van toepassing

11. VROUELIDMATE

11.1 Beplanning Vouelidmate Bylaag O

11.1.1 Bylaag O (laatstuk – ongedateerd) dien.

11.1.2 **Besluit:**
Kennis geneem van die verslag.

12. VISIONERING Bylae R en P

Nota: Bylaag R (laatstuk - ongedateerd) en Bylaag P (Geloofsverbintenis) word as riglyn gebruik vir die bespreking van pte 12 - 16.

12.1 Die vergadering besin oor die sinode se roeping ten opsigte van visionêre leierskap en besluit op prioriteite wat aandag moet kry. Die uitvoering van elke prioriteit word ook aan 'n spesifieke rolspeler(s) verbind:

Roeping	**Uitgevoer deur**
Eenheid (konvent, kerkhereniging, ekumene)	Moderatuur
Publieke getuienis	Moderatuur
Missionêre kerk	Barmhartigheidsdiens en Getuienis
Families	Gemeentebediening en Jeug
Skrifgebruik (wyse van besluitneming in vergaderings, hoe God ons deur die Skrif vorm en stuur)	SK en die Navorsingsnetwerk
Kommunikasie	Moderatuur, Skriba

13. NAVORSING

13.1 Die vergadering besin oor die sinode se roeping ten opsigte van navorsing en besluit op prioriteite wat aandag moet kry. Die uitvoering van elke prioriteit word ook aan 'n spesifieke rolspeler(s) verbind:

Roeping	Uitgevoer deur
Verband (ecclesia completa)	Sinodale Regskommissie
Homoseksualiteit	LAS
Spiritualiteit	LAS
Persoonlikheid en spiritualiteit	LAS
"Dominee" as ampstitel	LAS
Nuwe Gemeente Ontwikkeling	Gemeentebediening en Getuienis
"Lobbying"	Netwerk vir Navorsing
Vestiging van 'n Netwerk vir Navorsing	Ad Hoc Projek-bestuurder Navorsing: Prof PJ Naudé

13.2 Deskundige lede het 'n belangrike taak om projekte bekend te stel en die regte persone (leraars en persone) deur kommunikasie te "werf" vir die onderskeie netwerke.

13.3 Die vergadering neem kennis van Bylaag H (Temas: Integrasie kerk en konteks).

14. BEGELEIDING

14.1 Die vergadering besin oor die sinode se roeping ten opsigte van visionêre leierskap en besluit op prioriteite wat aandag moet kry. Die uitvoering van elke prioriteit word ook aan 'n spesifieke rolspeler(s) verbind:

Roeping	Uitgevoer deur
Diensverhoudinge	Gemeentedienste Netwerk (GDN)
Versorging	Gemeentedienste Netwerk
Gemeente Dienste Netwerk (GDN) , wat verband hou met: • Diensverhoudinge; • Versorging; • Sin. Werkswinkel; • Fasilitering	Ad Hoc Projek-bestuurder GDN: Ds Barnard Steyn (in samewerking met DL Gemeentebediening en dr Chris van Wyk)

15. BESTUUR

15.1 Die vergadering besin oor die volgende bestuursfunksies as uitvoering van die sinode se roeping op die gebeide van visioenêre leierskap, navorsing en begeleiding:

Roeping	Uitgevoer deur
Kommunikasie: • Elke aspek van die sinode se funksionering vorm die inhoud van kommunikasie; • 'n Sinodale koerant wat aan elke gemeente in die streek versprei word, kan effektief wees; • Webblad en E-pos; • Die kommunikasie moet beide op ons eie lidmate en die openbare lewe (publiek, regering, ander rolspelers) gerig wees; • Openbare geleenthede soos inbelprogramme; • Artikels in tydskrifte	Moderatuur: die skriba neem leiding
Projekbestuur	Direkteur Administrasie Deskundige lede Ringskommissies Ad Hoc Projektuurders (tans Navorsing en Gemeente Dienste Netwerk)
Kerkorde	Sinodale Regskommissie
Verhoudinge met Patmos	Moderatuur

16. RITME

16.1 Die vergadering kom op die volgende strategiese ritme van leierskap, ontwerp van prosesse, gebeure, opvolg en evaluering ooreen:

Maand	Proses	Persone
Augustus	Visionering en strategie	Moderatuur en SK-Dagbestuur
September	Navorsing en ontwerp van prosesse en projekte	Deskundige lede, Ringsvergaderings en Sinodale Vergaderings
Oktober		
November	Projekte en begroting	Sinodale Kommissie
Desember	Reses	
Januarie		
Februarie	Begeleiding en implementering (kan oorloop tot in Junie)	Deskundige lede en spanne. Sinodale werkswinkels
Maart		
April		
Mei	Opvolg en evaluering	SK Dagbestuur en Sinodale Kommissie
Junie		
Julie	Reses	

Hiermee is Bylaag R afgehandel.

17. SAKE UIT DIE SINODALE VERGADERING 2003

17.1 Netwerk vir kerklike en teologiese navorsing (SK-Verslag pt 80, soos gewysig deur Amendement 1, Handelinge 2003)

17.1.1 Afgehandel by pt 13.

17.2 Gemeentedienste-Netwerk vir die NG Kerk in Oos-Kaapland (Laat stuk E3, Begeleidingsfunksie van die Sinode van die NGK Oos-Kaapland, pt 3)

17.2.1 Die vergadering neem kennis van pt 16.3 van die Verslag van die Tydelike Kommissie vir Kommissies waar die sinode die uitvoering van hierdie saak met volmag aan die SK opdra.

17.2.2 Afgehandel by pt 14.

17.3 Kerkeenheid en Konvent (Voorstel 6, soos gewysig, Handelinge 2003)

17.3.1 Die vergadering neem kennis van die volgende besluit van die sinode:
"8. Die sinode versoek die moderatuur om beskikbaar te wees om gemeentes oor hierdie aangeleentheid te besoek en in te lig".

17.3.2 Verwys na die moderatuur.

17.4 Studie oor die oorsprong van die titel "dominee" (Voorstel 10)

17.4.1 Afgehandel. Die saak is by pt 13 na die DL Leer en Aktuele Sake verwys.

17.5 Huidige spiritualiteit in die NG Kerk (Voorstel 11, Handelinge 2003)

17.5.1 Afgehandel. Die saak is by pt 13 na die Netwerk vir Navorsing verwys.

17.6 Persoonlikheid en spiritualiteit (Voorstel 12, Handelinge 2003)

17.6.1 Afgehandel. Die saak is by pt 13 na die DL Leer en Aktuele Sake verwys.

17.7 Nuwe Gemeente Ontwikkeling (Sinodale Sakelys A2.2, pt 1.10.4)

17.7.1 Afgehandel. Die saak is by pt 13 na beide die DL Gemeentebediening en DL Getuienis verwys.

17.8 Kapitalisering van 75% op sinodale beleggings (Handelinge 2003, Voorstel 13)

17.8.1 Die vergadering neem kennis van die sinode se besluit.

17.8.2 Besluit:
Die status quo word tot verdere kennisgewing gehandhaaf.

18. PROJEKAANSOEKE **Bylaag K** **Bylaag K1**

18.1 Bylae K en K1 (laatstukke – ongedateerd) dien.

18.2 Die begroting vir 2004/2005 word ooreenkomstig sinodale besluite in twee komponente verdeel (wat ook uit verskillende bronne befonds word):
- Sinodale projekte, en
- Ringsprojekte.

18.3 Tans is daar surplusfondse ten opsigte van sinodale projekte beskikbaar. Dit kan aangewend word om die sinodale projekte wat die SK-Dagbestuur op hierdie vergadering geïdentifiseer het (sien pte 12 - 16 hierbo), te finansier.

18.4 Besluit:
Die Opsomming van Voorgenome Projekte (Bylaag K) word aan die SK-vergadering van 27 November 2003 voorgelê, met die volgende aanbevelings:

1. Sinodale projekte: Die SK neem kennis dat die SK-Dagbestuur 'n strategiese beplanningsessie op 13 November gehou het wat die bestaande lys sinodale projekte ingrypend raak (sien pt 12 - 16 van die notule van 13 November 2003);

2. Die SK keur die strategiese beplanning van die dagbestuur goed;

3. Die SK dra dit met volmag aan die SK-Dagbestuur op om die koste van hierdie beplanning te bereken, en die bestaande begroting vir sinodale projekte in die lig van die prioriteite en koste daarvan te hersien.

4. Ringsprojekte: Die SK evalueer die aansoeke vir ringsprojekte en keur 'n begroting daarvoor goed.

5. Advies oor ringsprojekte: Die Deskundige Lede word versoek om die SK by wyse van 'n laatstuk oor die ringsprojekte te adviseer. Die teikendatum vir die Deskundige lede se terugvoer is 21 November 2003.

6. Die Reglement van die Sinodale Hulpfonds word by die sakelys van die Sinodale Kommissie vir 27 November ingesluit, aangesien dit die raamwerk voorsien waarbinne ringsprojekte goedgekeur moet word.

7. Ringsprojekte moet in die toekoms gesertifiseer word as 'n aansoek van die ring. Ringe word versoeke om hul aansoeke vir ringsprojekte te notuleer, en die aansoek word onder die handtekeninge van die voorsitter van die ringskommissie en die ringskriba ingedien.

19. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

19.1 Begroting 2004/2005 Bylaag L

19.1.1 Bylaag L (laatstuk - ongedateerd) dien.

19.1.2 Besluit:

1. Die vergadering neem kennis van die voorlopige begroting.

2. Die begroting word vir kennisname na die SK verwys.

3. Aanbeveel dat die SK die goedkeuring van die finale begroting met volmag aan die SK-Dagbestuur opdra. Dit sal in Februarie 2004 geskied.

19.2 Tekenmagte

19.2.1 Besluit:

1. Tekenmagte op die sinodale bankrekenings (in die plek van wyle ds G van der Merwe) word aan dr JD Prinsloo verleen.

2. Die onder-voorsitter van die SK word gemagtig om dokumente namens die sinode (waarvoor die handtekening van die voorsitter normaalweg nodig is) te teken wanneer die voorsitter nie geredelik beskikbaar is nie.

19.3 Sinodale Selfone

19.3.1 Besluit:

Die gebruik van sinodale selfone en ander toerusting word na die DA, die voorsitter en skriba verwys.

19.4 Vorm A

19.4.1 Besluit:

Die skriba en die deskundige lede gaan Vorm A na om te verseker dat die inligting wat hiermee versamel word maksimaal bruikbaar is.

20. ANDER SAKE

20.1 ASK-Besluite Bylaag I

20.1.1 Bylaag I (laatstuk - ongedateerd) dien. Die voorsitter behandel die verslag.

20.1.2 Pt 2.1 Ons sinode word vir hulp van R60,000 per jaar vir drie jaar aan die kerk in Zimbabwe gevra.

Besluit:

Verwys na die DL Finansies en DA.

20.1.3 Kennis word van die res van die Bylaag geneem.

20.2 Leraarskonferensie 2004 Bylaag J

Bylaag J (laatstuk - ongedateerd) dien.

20.2.1 Kennis geneem dat die konferensie uitgestel word tot ten minste 2005.

20.3 Kommunikasiestrategie

Afgehandel by pt 15.

20.4 Vergaderdatums 2004

5 Februarie	SK-Dagbestuur
8-11 Maart	Sinodale Werkswinkel
15 April	SK-Dagbestuur
13 Mei	Sinodale Kommissie
28 Julie	Moderatuur byeen
29 Julie	SK-Dagbestuur
10-16 Oktober	Algemene Sinode
28 Okt	SK-Dagbestuur
25 November	Sinodale Kommissie

20.5 Kantoorsluiting

20.5.1 Besluit:

Die vergadering keur goed dat die sinodale kantoor op 12 Desember 2003 sluit en op 6 Januarie 2004 heropen.

20.6 Uitkoop van die tyd van lede van die Moderatuur

20.6.1 Ds Johan van Niekerk van Cradock doen navraag oor die uitkoop van tyd ten opsigte van lede van die moderatuur van wie ‘n groot tydinset gevra word..

20.6.2 Besluit:

Die saak word na die moderatuur, die DA en die DL Finansies verwys om ‘n aanbeveling te formuleer. Die DL Finansies tree as sameroeper op.

21. AFSLUITING

Die voorsitter sluit met gebed af.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuursvergadering van:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: